

Hel toe! As gevolg van een mens ✧

# HEMEL TOE ! AS GEVOLG VAN EEN MENS ✧

Rom 5:12-21



## Adam en Jesus

Soos baie deur die on gehoorsaamheid van een mens sondaars geword het, so ook sal baie deur die gehoorsaamheid van die een Mens vrygespreek word.  
(Rom 5:19)

*Weet, verstaan en aanvaar hoe die Here werk!*

### 1. Watter persoon is die grootste: Adam of Jesus

Gen 2:7 Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het.

Joh 1:1 In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.

### 2. Watter daad is die grootste : Adam of Jesus

Gen 3:6(b) Sy het ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet.

Joh 19:30 Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: "Dit is volbring!" Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas.

### Hoe kom ons uit Adam en in Jesus?

God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus. Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan.

1. **Erken:** "Here, ek erken dat ek 'n sondaar is en dat ek verlore is. Ek erken dat dit nodig was dat Jesus in my plek moes sterf." (Rom 3:23-24)

2. **Bely:** "Here, ek is jammer oor al my sondes – vergewe my asseblief. Reinig my asb in die bloed van Jesus." (1 Joh 1:7-9)

3. **Vra Jesus in:** "Here Jesus, kom nou asb in my hart en lewe in; help my met my lewe asb!" (Opb 3:20)

4. **Bekeer en draai om:** "Here, ek wil graag 'n nuwe lewe begin. Ek breek nou met al my sondes en wil van nou af saam met U leef." (Spr 28:13)

5. **Glo en praat:** "Here, ek glo en aanvaar dat U al my sondes vergewe. Help my asb om met ander hieroor te praat." (Rom 10:9-10)

*"Vader, dankie vir die Here Jesus. Ek het nou die Here Jesus aangeneem as my persoonlike Verlosser. Ek is nou God se kind." (Joh 1:12)*

